JAGHANDWAPEN (BOS: 10 tot 30m)
SKIETOEFENING

1. Inleiding
Die doel van hierdie skietoefening is om handwapenjag in digte bos soos rivieroewer of woude voor te stel op wild soos Bosbokke, Bos- en Vlakvarke en word op 10 tot 30m gedoen.

2. Teiken
Die Vlakvark-teiken van die SAJWV word gebruik of enige ander teiken van tyd tot tyd deur die skietkomitee goedgekeur. Die kop van die dier mag na links of regs wys (anders-om gedruk).

3. Universele reëls by skietoefeninge
Sien aparte dokument "Universele reëls by skietoefeninge" – dokument: J006.34.06A - vir beskrywing van algemene (universele) items.

4. Skietbaan veiligheidsreëls en Standaardbevele
Sien "Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" - dokument: J006.35.03A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

5. Handwapens
Die skietoefening is uitsluitlik bedoel vir dubbel- en enkel-aksie rewolwers met 'n minimum loop-lengte vir alle wapens van 101.6mm (4 duim). Geen semi-outomatiese wapens word toegelaat nie.

6. Kaliber
Die minimum kaliber is .357 Magnum.

7. Visiere en teleskope
Geen teleskope word toegelaat nie. Slegs fabriek gemonteerde oop visiere word toegelaat.

8. Oefening (item verwysings na die dokument "Universele reëls by skietoefeninge")

Tydsbeperking: **3 minute per afstand**.

- **a.** Vanaf **30m** word **vyf** skote vanuit die sitposisie met enige rus geskiet;
- **b.** Vanaf **20m** word **vyf** skote vanuit die sit- of knielposisie sonder 'n rus geskiet;
- **c.** Vanaf **10m** word **vyf** skote vanuit die vryhand staanposisie geskiet

10. Erkenning
Skietbalkies met onderste afsnypunte van onderskeidelik brons, silwer en goud: **45, 52 en 60** is beskikbaar vir die skietoefening met 'n maksimum puntetelling van 75.



Teiken werklike grootte: WxH = 1000 x 750mm

Vitale areas	W x H mm	Area cm^2	vs Hart
Brein	120 x 108	108	160%
Hart	87 x 96	66	--
V-hart	53 dia	22	33 %
Sentrale long area	150 x 170	240	350%
Groter long area	200 x 220	560	850%

Die tellings is op die teiken gedruk.
Die werklike lyne op die dier is dun rooi lyne wat nie op ’n afstand sigbaar is nie.